Groen van Prinsterer as vader van Christen-demokratiese politiek en sy rol in die konsolidasie van die grondwetlike demokrasie in Nederland

Jan Adriaan Schlebusch

Jan Adriaan Schlebusch, Neo-Calvinism Research Institute, Theologische Universiteit Kampen

Opsomming

Die 19de-eeuse antirevolusionêre Nederlandse staatsman en historikus Guillaume Groen van Prinsterer se politieke posisie en aksie was narratief bekragtig. Hierdie narratiewe bekragtiging en die implikasies daarvan vir sy politieke loopbaan word via die Amerikaanse geskieds-filosoof David Carr se narratiewe benadering tot die historiografie ondersoek en belig. Groen van Prinsterer se historiese narratief is gekenmerk deur ’n sterk polemiek teen die idees van veral die Verligting in Frankryk, wat volgens hom gedurende sy eie tyd ’n negatiewe impak op die Nederlandse samelewing gehad het. Hy het ’n epistemologiese stryd tussen die Christendom en die “Revolusie”, dit is die idees van die Franse Verligting, as deurslaggewend vir die politieke ontwikkelinge van sy tyd beskou. Sy narratiewe klem op hierdie epistemologiese stryd het hom juis in staat gestel om konstruktief binne die konteks van die Nederlandse demokrasie, wat ingelui is deur die grondwethersiening van 1848, op te tree. Hy het, selfs as ’n teenstander van toenemende demokratisering, in 1856 na vore getree as konsolideerder van die Nederlandse grondwetlike demokrasie deur sy afwysing van koning Willem III se reaksionêre politieke agenda. Hierdeur het hy nie net ’n deurslaggewende rol gespeel om die reaksionêre politiek in Nederland die uiteindelike nekslag toe te dien nie, maar ook die moderne Nederlandse demokrasie help vorm as een van konstruktiewe deelname van uiteenlopende politieke standpunte en daardeur ook die grondslag gelê vir die Nederlandse partypolitieke stelsel. Laastens het hy ook hierdeur die weg gebaan vir Christen-demokratiese partypolitiek binne die konteks van die moderne grondwetlike demokrasie – nie alleen in Nederland nie, maar ook op internasionale vlak.

Trefwoorde: antirevolusionêr; Christen-demokratiese politiek; David Carr; demokrasie; Groen van Prinsterer; narratief; Verligting

Abstract

Groen van Prinsterer as the father of Christian democratic politics and his role in the consolidation of the Dutch constitutional democracy

As 19th-century Dutch statesman and historian, Groen van Prinsterer (1801–1876) achieved renown by virtue of his conservative opposition to the philosophical and political ideals associated with the Enlightenment. Appreciation of Groen's historiographical and political contributions has traditionally been confined to Dutch Reformed circles, however, with little recognition outside of these confines. Groen's distinctly Christian historiography has often been regarded as detrimental to appreciation by a broader audience (Berkelaar 1997:24–5). Viewing his historical narrative strategies as a political act in itself, however, can disclose the historical significance of his historiography and political engagement to a broader audience of historians, theologians and philosophers. By means of the phenomenological-narrative approach of the contemporary philosopher of history David Carr the narrative sanction behind Groen's strategic political positioning and political action is highlighted in its historical context. To Carr, narrative is integral to all human experience (Carr 2014:112–3). He advocates a realist view of narrative as the inescapable framework that provides meaning to the present in light of both the past and an envisaged future (2014:2). In other words, human experience becomes sensible when understood in terms of narrative (2014:73–5). Historiography must therefore not be understood as mere "metaphysical claims about the reality of the historical process, but as a kind of discourse more appropriately compared with the political-rhetorical kind of story-telling" (2014:121). Groen's own historiography can be appreciated in a novel way in terms of the phenomenological-narrative approach: as in itself a political act that shaped his political engagement in a unique and historically significant way.

Groen narratively cast the ideas of the French Enlightenment as the fruits of a rationalist religion idolising humankind. He rejected the revolutionary notions of the social contract and egalitarianism as a threat to true liberty (Groen van Prinsterer 1847:273). By forsaking the authority of the divinely ordained social and moral order, society is placed on a path to anarchy from which government tyranny alone offers liberation. An acknowledgement of and submission to the higher authority of God is therefore the only bastion against state absolutism (1847:563). Countering the Enlightenment, Groen's historical narrative emphasised that Dutch prosperity was the result of the nation's historical rootedness in the principles of Christianity and in particular the Reformation (1847:389).

Shortly after the publication of his magnum opus, *Unbelief and revolution*, a significant constitutional revision radically changed the Dutch political landscape in 1848. Historians generally regard this constitutional revision as historically initiating the start of the democratic era in the Netherlands (Te Velde and Willink 2006:26). Groen, elected to parliament in 1849, expressed his dissatisfaction with the liberal spirit of the constitution (Groen van Prinsterer 1849:4). His historical narrative sanctioned the idea that liberalisation leads to apostasy and societal decline, which was decisive in this regard (Groen van Prinsterer 1849:1). He was nonetheless willing to engage politically within the framework of the new constitution, given his narrative emphasis on religious and epistemic principles as decisive for any political system, regardless of the constitutional or systematic framework in which it was cast (1849:70–1). In fact, he rejected the idea that changes in the political system as such, without a change in fundamental principles, could offer any liberation from injustice or tyranny (1849:15). Groen's repositioning in light of the constitutional changes can furthermore not be ascribed to

a change in Groen's political theory as such, but must be understood in terms of his narratively sanctioned political agenda in his historical context. The political changes of 1848 necessitated a reaffirmation and renewed application of his anti-revolutionary political principles in a new context. By means of his narrative emphasis on principles he was able to decentre the constitution and the democratic process, by rather amplifying the need to return to traditional Christian political principles even within the framework of the newly established constitutional democracy of which he was no principled supporter. A change in the political system without a change on an epistemic level would simply amount to yet another revolution (1868:409).

Even when given a platform by the Dutch king to call for significant reforms in 1856, Groen chose a path of non-intervention. A mere eight years after the constitutional revision, King Willem III wanted to recast the political system, with which he had become displeased, yet again (Van der Meulen 2013:336–7). Groen, however, surprisingly rejected the reactionary suggestions of the king (Groen van Prinsterer 1876:19). His narrative sanctioned a future hope in the success of his rhetoric in terms of convincing the Dutch people to embrace his principles. He therefore regarded it as the best strategy at the time to remain content with the newly established democratic system, despite his principled disagreements with it (1855:88). This did not amount to viewing the constitutional democratic system as a neutral framework for the engagement of contradictory political positions, however. His contentment with the status quo in 1856 must be viewed in light of his narratively sanctioned hope in the eventual victory of his political position by the test of time itself, since revolutionary ideals at odds with the divinely ordained natural order were doomed to failure in the long run (1849:483). He therefore rhetorically encouraged his audience to continue to engage politically on the basis of unchanging and perpetual anti-revolutionary principles (1847:389). At the time Groen probably didn't expect the unhindered progress that those very Enlightenment ideals which he opposed would enjoy in terms of the later constitutional development in the Netherlands. The first article of the Dutch constitution of 1983, for example, which prohibits discrimination based on religious convictions, is often interpreted as irreconcilable with the political ideal of a Christian state (Dölle 2005:100).

Nonetheless, Groen's rejection of the king's hints in 1856 brought a definite end to all reactionary tendencies in Dutch politics. He thereby consolidated the Dutch constitutional democracy at a time when the system was still young and, given the revolutionary climate at the time, still vulnerable. By means of his narrative emphasis on principled political engagement within a constitutional democratic framework he laid the foundations of the Dutch political party system. He also thereby opened the pathway for Christian democratic political engagement. His role as the father of Christian democratic politics is evidenced in his legacy: the Anti-Revolutionary Party founded in 1879 was not only the first political party in the Netherlands, but also the world's first Christian Democratic Party (Kuipers 2011:333).

The historical mark that Groen left in terms of shaping and solidifying the Dutch constitutional democracy in the 19th century merits appreciation outside of Dutch Reformed confines. Young constitutional democracies such as South Africa, especially in light of recent debates regarding the very constitutionality of Christian political engagement (Mutelo 2017:24; Henrico 2017:547–8), could also benefit from taking note of Groen's historical contributions in terms of shaping the Western democratic tradition.

The way in which a narrative approach highlights Groen's historical contribution also challenges common historiographical conceptions of the 19th century. By looking beyond the mere

theoretical content of political positions, a narrative analysis of political-rhetorical strategies allows for an unprecedented appreciation of the strategic similarities between conservatives and liberals at the time. Furthermore it also challenges historians to re-evaluate common conceptions of secularisation or deconfessionalisation in 19th-century Europe. This study shows how Groen as an anti-revolutionary statesman played an active role in historically shaping and consolidating a democracy that is often viewed as being merely a product of Enlightenment liberalism.

Keywords: anti-revolutionary; Christian democratic politics; David Carr; democracy; Enlightenment; Groen van Prinsterer; narrative

1. Inleiding

Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876), die Nederlandse antirevolusionêre staatsman en historikus, geniet al vir meer as ’n eeu baie aandag binne Nederlandse en internasionale Gereformeerde akademiese kringe. Groen[1] het gedurende die 19de eeu as staatsman en politieke aktivis bekendheid verwerf vir sy toewyding aan konserwatiewe uitgangspunte. In die konteks van ’n Nederlandse samelewing wat in die 19de eeu deur toenemende liberalisering gekenmerk is, het Groen teen die gety polemiseer vanaf ’n Gereformeerde grondslag. Sy politieke posisionering teen die idees van veral die Verligting in Frankryk het as antirevolusionêr bekend gestaan. Volgens Groen het die idees van die Franse Verligting gedurende sy eie tyd ’n negatiewe impak op die Nederlandse samelewing gehad (Harinck 1994:126–7).

Ten spyte van die waardering vanuit Nederlandse Gereformeerde kringe word sy bydraes en impak as politieke denker en historikus nouliks deur ’n breër gehoor buite hierdie groep erken. Waar waardering van Groen steeds bestaan, word oor die algemeen klem gelê op sy voorbeeld as Christelike staatsman of sy bydrae tot die Christelike historiografie (sien byvoorbeeld Van Vliet 2008; Bijl 2011; Klink 2012; Krijger 2015). Die gangbare interpretasie van Groen as ideologiese voorganger word egter gekenmerk deur ’n skeiding van sy bydraes as staatsman aan die een kant en historikus aan die ander kant. Hierdeur word beide of een van hierdie twee aspekte van sy nalatenskap as tersaaklik vir (Nederlandse) Christene in terme van die politiek of geskiedskrywing en -interpretasie voorgehou. Die doel van hierdie artikel is om hierdie skeiding uit te daag en ’n geïntegreerde beeld van Groen as tegelyk staatsman en historikus daar te stel. Deur Groen se politieke en historiografiese bydraes as sodanig te beskou, word dit op ’n nuwe manier belig: Die geskiedkundige impak van sy werk as staatsman word duideliker beskou binne die konteks van die narratiewe bekragtiging daarvan. Deur middel van die fokus op narratief sal die belang van sy loopbaan as staatsman vir ’n breër gehoor historici, teoloë en filosowe belig word. Hierdie doelwit word bereik aan die hand van die fenomenologies-narratiewe metodologie van die hedendaagse Amerikaanse geskiedsfilosoof David Carr.

In sy 2014-werk *Experience and history: Phenomenological perspectives on the historical world* beklemtoon Carr die retories-narratiewe aard tipies van 19de-eeuse geskiedskrywing en die implisiete sosiopolitieke motiewe wat daarmee gepaard gaan. Groen se werk as historikus was geen uitsondering op hierdie reël nie. Carr aanvaar die postmoderne historiografie se klem op geskiedskrywing as narratief, maar verwerp wat hy beskou as die postmodernisme se redusering van hierdie narratief tot fiksie (Carr 2014:xxi–xxii). Vir Carr is narratief integraal

tot alle menslike ervaring (2014:112–3). Hy staan 'n retensionele beskouing van die geskiedenis voor, waar narratief bewustelik of onbewustelik die nodige raamwerk vorm om sin te gee aan die hede en die toekoms in die lig van die verlede (2014:2). Volgens Carr kan enige menslike ervaring sinvol wees alleen wanneer dit narratief belig word (2014:73–5). Die historiese narratief voorsien dus ook 'n samehangende raamwerk wat politieke en godsdienstige posisionering en maatskaplike deelname moontlik maak. Carr se narratiewe benadering kan verduidelik word aan die hand van die opbou van 'n punt in tennis. Die speler se posisie op die baan op enige gegewe stadium is bepaal deur al die voorafgaande houe deur beide die speler en die opponent – en hierdie "geskiedenis" word behou in die kop van die speler as agtergrond vir die onmiddellike strategie in die hede, om homself sodoende die beste kans te gee om uiteindelik die punt te wen.

Hierdie narratiewe struktuur wat in die praktyk die raamwerk vorm vir die alledaagse bestaan van die mens, kom egter die duidelikste na vore in geskiedskrywing. Die historiografie word dus nie beskou as "metaphysical claims about the reality of the historical process" nie, maar as "a kind of discourse more appropriately compared with the political-rhetorical kind of story-telling" (2014:121). Carr gebruik die voorbeeld van Hegel en argumenteer dat die uiteindelike doel van sy geskiedsfilosofie nie was om teoretiese of metafisiese bewerings aangaande die oorsprong en bestemming van die wêreld te maak nie, maar om 'n oortuigende retoriese narratief daar te stel om die samelewing in 'n bepaalde rigting te lei (2014:133). Hiermee bedoel hy egter nie dat Hegel se geskiedsfilosofie verstaan moet word as voorskrywend eerder as beskrywend nie, maar liewer as 'n narratiewe herbeskrywing van die verlede met 'n retoriese funksie (2014:133).

Soos Carr (2014:136) verduidelik: "We are situated in the present and face a future that we can affect with our planning and action. Our figuring of the future involves a refiguring of the past and a construction of a practical narrative to make sense of what we do."

Narratief is dus vir Carr 'n modus van bestaan wat, gegewe die tydsgebonde aard van menslike verstaan, sin gee aan menslike aksie en posisionering as sodanig. Die term *bekragtig* is daarom 'n beter beskrywing van die funksie van narratief in terme van Carr se benadering as wat *regverdig* sou wees. Carr se narratiewe realisme beklemtoon immers juis dat politieke posisies vanuit narratief self as singewende raamwerk vir menslike ervaring ontstaan en dat narratief daarom nie bloot as *ex post facto*-regverdiging van sulke posisies funksioneer nie.

Die waarde van hierdie benadering vir die studie van Groen van Prinsterer as staatsman en historikus lê daarin dat waar sy unieke Christelike historiografie in die verlede as verlammend ten opsigte van sy waarde vir 'n breër gehoor beskou is (Berkelaar 1997:24–5), dit nou juis belig kan word as 'n tipiese voorbeeld van narratiewe selfposisionering in sy 19de-eeuse konteks. In hierdie opsig was Groen, in terme van die praktiese doelwitte van sy narratiewe historiografie, nie fundamenteel anders as Hegel nie. Wanneer Groen se historiografie belig word as die narratiewe bekragtiging van sy politieke deelname as staatsman, word daar ook nuwe lig gewerp op die rol wat hy gespeel het in die konsolidasie van die Nederlandse grondwetlike demokrasie – veral wat betref sy keuse vir nie-ingryping in 1856 – wat later in hierdie artikel aan die orde kom.

Ter wille van die beligting daarvan moet eers gekyk word na Groen se narratiewe bekragtiging van sy politieke teorie en aksies.

2. Groen se antirevolusionêre politieke teorie as narratief bekragtig

2.1 Sy polemiek teen die "revolusie"

Nadat Groen met doktorsgrade in beide regsgeleerdheid en geesteswetenskappe aan die Universiteit van Leiden gegradueer het, verhuis hy na Brussel om as sekretaris van koning Willem I se kabinet te werk (Kuiper 2001:25). Dit was tydens Groen se verblyf in Brussel (1827–33) dat hy in kontak gekom het met die Réveil via die koninklike hof se Switserse kapelaan, Jean-Henri Merle d' Aubigne (Kuiper 2012:13, 35). Die Réveil was 'n Christelike herlewingsbeweging met takke regoor Europa. Binne hierdie beweging is daar eerstens klem gelê op die persoonlike ervaring van die mens se eie wedergeboorte en wandel met God in die daaglikse lewe (Gäbler 1990:10–1). Gepaardgaande hiermee was egter ook die beklemtoning van die openbare en sosiopolitieke impak van godsdienstige beginsels. Die idees en aksies van die Réveil was dus gekenmerk deur die integrasie van godsdiens in die hantering van sosiopolitieke kwessies (Janse 2012:169). Dit is hier waar Groen, wat self uit 'n liberale milieu gekom het, as antirevolusionêre denker gevorm is (Groen van Prinsterer 1925:139, 141). In die antirevolusionêre beskouing vind hy die "teengif" teen die heersende tydsgees – die liberalisme afkomstig uit die Franse Verligting (Groen van Prinsterer 1873:265).

Reeds gedurende die 1830's tree hy op 'n jong ouderdom na vore as die leidende figuur binne die Nederlandse Réveil (Kuiper 2012:50). Vir Groen was die Franse Revolusie slegs die politieke manifestasie van 'n voorafgaande epistemologiese revolusie – en dit is teen hierdie revolusie dat sy polemiek gerig is. In die idees agter die bekende slagspreuk "Vryheid, Gelykheid en Broederskap" het hy die saad van vernietiging gesien van 'n historiese sosiale orde wat deur God verordineer en gewil is (1847:28, 36, 118). Hy het die revolusionêre idee van vryheid bekritiseer as iets wat net binne die konteks van absolute onderdanigheid aan die algemene wil kon bestaan soos dit deur die regering geïnterpreteer en beliggaam word. Hy maak dit af as 'n skynvryheid wat neerkom op onvoorwaardelike onderdanigheid aan ander se wil. Hierteenoor argumenteer hy dat net 'n erkenning van die transendente gesag van God die mens van die arbitrêre gesag van ander kan bevry (1847:199).

2.2 Sy idee van 'n Christelike Nederlandse staat

Sy idee van die Christelike staat as gebaseer op die beginsels van die Bybel, asook die historiese ontwikkeling van die Nederlandse volk, was gegrond in 'n bepaalde historiografiese perspektief (Bijl 2011:127). Gedurende die 19de eeu, toe Verligtingsgesinde liberales – diegene wat in Groen se narratief aan "revolusionêre" beginsels geheg was – die dae van die Calvinisme in Nederland as getel beskou het, het Groen vir die Calviniste opgekom en hul godsdiens as 'n konstitutiewe element vir die Nederlandse staat verdedig. Nederlandse Calviniste in die besonder het 'n identiteitskrisis ervaar in die lig van die radikale sosiopolitieke omwentelinge wat die tydperk gekenmerk het (Harinck 1994:126). Groen se historiese narratief het aan hulle 'n raamwerk verskaf waarbinne hul hulself in die nuut-ontwikkelde Nederlandse demokrasie kon posisioneer.

Groen se historiese narratief is gekenmerk deur sy verdediging van die Europese Christelike beskawing waarvan Nederland deel gevorm het as 'n seëning wat deur die voorsienigheid van God daargestel is. Hy skilder daarom die Verligtingsfilosofie, wat teen hierdie ou orde in opstand gekom het, as agteruitgang eerder as vooruitgang (1841:108). Vir Groen verteenwoordig die "Revolusie" nie net historiese politieke verskynsels soos die Franse Revolusie nie, maar 'n

histories-filosofiese en epistemologiese ontwikkeling – 'n anti-Christelike opstand teen die natuurlike regte, gevestigde verhoudings en regstelsel wat in die deur God verordineerde historiese orde gegrond is. Daarom meen hy lei die dekonfessionalisering (of sekularisering) van die Nederlandse samelewing tot tirannie en chaos (1841:28, 36, 118). Groen bou hierdie narratiewe argument om sy verstaan van revolusionêre vryheid as moontlik alleen binne die konteks van onvoorwaardelike onderdanigheid aan die algemene wil. Met ander woorde, die revolusionêre vryheid is 'n rookskerm vir onderdanigheid aan die wil van meer magtige mense. Groen het dit beskou as 'n vorm van slawerny aan arbitrêre gesag wat net deur 'n erkenning (deur beide staat en volk) van die transendente gesag van God ontsnap kon word (1841:199).

Die praktiese politieke waarde van hierdie narratiewe strategie blyk uit die eerste van sy 15 lesings oor "ongeloof en revolusie" wat hy gedurende 1845/6 gelewer het en in 1847 as boek sou uitgee. Hierdie boek sou uiteindelik sy mees gelese werk word. Hier wend hy bogenoemde narratiewe strategie retories aan om 'n oproep te doen vir 'n nasionale verootmoediging voor God asook om die plig van die Christen om ook op sosiopolitieke vlak vir die vooruitgang van die koninkryk van God (1847:37–8) te werk, te beklemtoon. Die slot van die vyftiende en laaste lesing bestaan ook uit 'n oproep aan die Nederlandse Christen om aktief in die politieke sfeer te wees. Hierdie retoriese appèl is narratief bekragtig deur sy historiese beskrywing van die Nederlandse geskiedenis as dié van 'n volk gewortel in die Christendom en met name die Hervorming (1847:389). Die subtitel van die boek *Ongeloof en revolutie* is dan ook *Eene reeks historische lezingen*, waaruit die rol van die geskiedenis in sy narratiewe appèl ook duidelik blyk.

Die winde van verandering het gedurende die 1840's duidelik in Nederland gewaai. Na aanleiding van die Belgiese Revolusie en gevolglike afstigting van Nederland in 1830 was dit noodsaaklik dat die Nederlandse grondwet hersien word (Van den Berg 1998:59). 'n Jong liberale regsgeleerde, Johann Rudolf Thorbecke, het gedurende die 1830's as grondwetlike deskundige by die Universiteit van Leiden opgang gemaak (Drentje 2004:298). Thorbecke het toenemende demokratisering as in ooreenstemming met die eise van die geskiedenis beskou (Swart 2007:14–6). In 1839 publiseer hy sy *Aantekening op de grondwet*, waarop Groen reageer met sy *Bijdrage tot herziening der grondwet in Nederlandsche zin* in 1840 (1840:324, 326). Later daardie jaar sou 'n grondwethersiening in die gees van wat deur Thorbecke voorgestaan is, egter wel in Nederland deurgevoer word. In die praktyk was die mees deurslaggewende verandering wat meegebring is, die beperking van die magte van die Nederlandse koning, maar Groen het 'n erkenning van die gesag van God, 'n duideliker definiëring van die begrip *vryheid* asook 'n uitdruklike erkenning van die rol van die Protestantisme in die Nederlandse samelewing bepleit (Van den Berg 1998:62). Alhoewel Groen nie in beginsel gekant was teen 'n sterker rol vir die parlement en 'n inperking van die gesag van die monarg nie, het hy die grondwet as antihistories en gebaseer op Verligtingsidees verwerp. Sy klem op die epistemologiese beginsels agter die grondwet was kenmerkend van sy narratiewe polemiek daarteen.

Dit was in die nadraai van hierdie grondwethersiening en in die aanloop tot 'n nog meer ingrypende hersiening wat in 1848 sou plaasvind dat Groen die eerste uitgawe van *Ongeloof en revolutie* publiseer, binne die konteks van 'n samelewing wat toenemend gevorm sou word deur idees wat Groen beskryf het as die vrugte van die revolusionêre gees van ongeloof in God. In *Ongeloof en revolutie* argumenteer hy dat hierdie gees die Westerse beskawing skei van sy Christelike wortels en die kultuur bederf (1847:28).

Hy stel ’n narratief daar waarin die idees afkomstig uit die Franse Verligting die vrugte is van ’n rasionalistiese godsdiens wat die mens verafgod. Hy sien hierdie rasionalistiese godsdiens as onderliggend aan die idees van die sosiale kontrak, asook die revolusionêre verstaan van die idees van vryheid, gelykheid en broederskap (1847:68, 77, 80, 213). Die idee van die sosiale kontrak soos geformuleer deur die Franse Verligtingsdenker Jean-Jacques Rousseau het behels dat die samelewing en die gesag van die staat uiteindelik begrond is in ’n implisiete ooreenkoms van vrye individue wat hul absolute vryheid prysgee ter wille van die daarstelling van ’n sosiopolitieke orde (Rousseau 1762:33–4). Dit was vir Groen ’n verwerping van die staat en samelewing as in wese ’n goddelike instelling. Vir Groen sou die gelykheidsbeginsel van die Verligting, deurdat dit deur die staat afgedwing word, die natuurlike verhoudings en gesagstrukture wat nodig was vir ’n samelewing van sondige mense om te funksioneer, vernietig (1847:273). Hy meen dat hierdie idees ’n bedreiging vir ware vryheid sou inhou. Deur die gesag van die Bybel en die evangelie agter te laat, word die samelewing op ’n weg geplaas na anargie via die sekulêre idee van vryheid. Vanuit hierdie anargie bied die diktatorskap van ’n oppermagtige staat dan die enigste uitweg (1847:11, 39, 41, 43–4, 50–1). Met ander woorde: Wanneer die oppergesag van die goddelike, transendente morele orde as gesag vir politieke en maatskaplike reëlings verwerp word ten gunste van die oppergesag van die mens, lei dit tot ’n tipe anargie waaruit tirannie die enigste uitkoms bied. Vir Groen bied die erkenning van ’n hoër gesag as dié van die staat – met name die gesag van God – dus die enigste bastion teen staatsabsolutisme. Sy idee was dus dat die owerheid legitieme gesag het alleen wanneer dit in ooreenstemming met die wil van God optree, aangesien die owerheid se gesag nie in homself (of die volk) geleë is nie (1847:563).

3. Groen se idee van staatsgesag beskou in die lig van die grondwethersiening van 1848

Kort nadat Groen *Ongeloof en revolutie* uitgegee het, het daar nog ’n grondwethersiening, in 1848, plaasgevind. Hierdie hersiening, wat op aandrang van koning Willem II eiehandig deur Thorbecke saamgestel is, was so noemenswaardig dat dit deur die meeste historici beskou word as die begin van die era van demokrasie in Nederland (Te Velde en Willink 2006:26). Willem II het beweer dat hy gedurende Maart 1848 oornag van konserwatief na liberaal geswaai het, maar onlangse navorsing dui daarop dat hy inderwaarheid afgepers is om die idee van ’n liberale grondwet te aanvaar (Van Zanten 2013:545–54).[2]

Die nuwe grondwet het die politieke stelsel daargestel wat Nederland tot vandag toe behou – ’n parlementêre demokrasie met ’n erfopvolgingsmonargie. Gedurende die eerste paar jaar na die hersiening het die koning egter nog heelwat mag en politieke invloed behou. Verder het slegs mans bo die ouderdom van 23 wat ’n sekere hoeveelheid inkomstebelasting betaal, stemreg gehad. Daar het toe ook nog geen politieke partye bestaan nie en kiesers het slegs individuele kandidate uit hul plaaslike distrik tot die nasionale vergadering verkies (Van der Meulen 2013:230, 241).[3] Groen is in sy distrik, Harderwijk, verkies en het in Mei 1849 die parlement betree.

In dieselfde jaar skryf hy egter ook sy *Grondwetherziening en eensgezindheid*, ’n werk waarin hy hom (soos in 1840) uitspreek teen die liberale gees van die grondwet (1849:4). Sy narratiewe bekragtiging van die idee dat liberalisering as afvalligheid tot agteruitgang lei, was hier weer eens deurslaggewend vir sy standpunt ten opsigte van die grondwet. Hy beskou die grondwet van 1815 as meer in ooreenstemming met die Nederlandse volksaard en geskiedenis as die

twee hersienings van die 1840's (1849:1). Nietemin, ten spyte van sy verwerping van die teorie agter die grondwethersienings, was hy bereid om met die nuwe grondwet saam te leef en hom daaraan te onderwerp. Binne die raamwerk van sy narratiewe paradigma van en klem op 'n deurlopende godsdienstig-epistemologiese stryd wat agter die politieke verwikkelinge afspeel, het hy nou die ruimte gesien om as beginselvaste antirevolusionêr binne die nuwe grondwetlike raamwerk sy stryd voort te sit (1849:70–1).

Die bestaande literatuur daaroor verteenwoordig 'n aantal teenstrydige interpretasies van die ontwikkeling van Groen se denke na aanleiding van die grondwethersiening van 1848. Die meeste skrywers voer aan dat Groen 'n verandering in terme van sy teoretiese verstaan van die aard van staatsgesag ondergaan het. Hierdie bewering moet egter, in die lig van die narratiewe metodologie van hierdie studie, onder die loep geneem word. 'n Nuwe perspektief op Groen se denke en aksie na 1848, en veral sy keuse vir nie-ingryping in 1856, toe die Koning hom die platform daarvoor gee, sal via 'n narratiewe studie aan die lig kom.

Skrywers uit verskeie eras en kontekste identifiseer 'n verandering in Groen se denke na aanleiding van die impak wat die Duitse Lutherse filosoof Friedrich Julius Stahl (1802–1861) op hom sou gehad het. Dit behels dat Groen sy verbondenheid aan die idee van Karl Ludwig von Haller (1768–1854), naamlik die feodale verstaan van die staat as *res privata*, agtergelaat het ten gunste van 'n republikeinse (*res publica*-) verstaan van die staat (Diepenhorst 1932:319–22, Brants 1951:140; Dooyeweerd 1959:50; Zwaan 1973:291–2; Kruidenier 1975:13; Kuiper 2001:179; Sap 2004:29; Bijl 2011:364).

Die ultrakonserwatiewe Von Haller het in die Europese feodale geskiedenis die teenmiddel teen die Verligtingsidee van die sosiale kontrak gesien. In sy teorie van *res privata* bekom groot landhere die verantwoordelikheid om die taak van die owerheid te verrig. Die landhere verkry dan inkomste via huurkontrakte met hul onderdane, van wie hul nie die reg het om belasting te eis nie. Von Haller stel dus 'n gedesentraliseerde sosiale orde voor, gebaseer op ongelyke verhoudings en wedersydse verantwoordelikheid. 'n Landheer beoefen dus ook die staatsmag vanweë sy verhouding met sy onderdane, en nie as hul verteenwoordiger nie (Von Haller 1816: xii, xxiii–xxiv). Stahl, wat gedurende dieselfde tydperk as Groen opgang gemaak het as die leidende denker van die Duitse konserwatisme, het egter Von Haller se idee van *res privata* vir die republikeinse ideaal verwerp. Hy argumenteer dat owerheidsgesag nie geleë is in geskiedkundige, oorerflike eiendomsreg nie, maar eerder in die posisie van die owerheid as godgegewe instelling. Met ander woorde, as 'n ampsdraer onder God se gesag het staatsamptenare die verantwoordelikheid om die Wet van God te gehoorsaam (Stahl 1837:568).

Ten opsigte van Groen se kontak met Stahl lui die gangbare argument dat Groen na 1848 met meer openheid die grondwetlike demokrasie van Nederland kon aanvaar, waar hy vroeër meer geheg was aan meer antieke politieke strukture. As bewys word daar 'n beroep gedoen op Groen se lof aan Stahl vir sy identifikasie van Von Haller se idee van *res privata* as 'n "schijnbare wijsheid [die] op een gevaarlijk anachronisme neerkomt" (Groen van Prinsterer 1862:122).

'n Beklemtoning van Groen se strategiese narratiewe posisionering, beide voor en na 1848 – in die lig van die primêre bronne – ontsluit egter 'n nuwe perspektief op sy teorie van politieke gesag.

In sy eerste lesing oor ongeloof en revolusie spreek Groen lof uit vir ’n verskeidenheid kontrarevolusionêre denkers, onder andere Von Haller. Wanneer hy Von Haller se naam noem, voeg hy egter by: “[I]k ben geen onvoorwaardelijk lofredenaar, van niemand, en van von Haller vooral niet” (1847:52). Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie opmerking reeds in die eerste uitgawe van die 1847-publikasie verskyn. Hy beroem hom in dieselfde asem daarop dat hy trots is om homself onder die “eclectici” te tel as dit kom by die waardering van die idees van diegene wat hy as voorgangers beskou (1847:52). Verder het Groen reeds so vroeg as 1830 self ’n duidelike onderskeid tussen republikeinse en revolusionêre idees getref, en beklemtoon dat sy polemiek gemik was teen laasgenoemde (1830:61). Hy het ook hierdie onderskeid in 1847 herbeklemtoon in *Ongeloof en revolutie* (1847:137). Alhoewel beide hierdie stellings gemaak is voor Groen se kontak met Stahl se werke, blyk dit moeilik versoenbaar te wees met die klaarblyklik Halleriaanse teks in lesing VI, waar hy “de verkeerde ideën […] [waar]volgens […] iedere staat, onder elke naam en gedaante […] letterlijk *res publica* [werd]. Hierdoor ging het wezen van die monarchie (*res Regis, res propria*, niet *res populi*, niet *res publica*) teniet” (1847:119). In dieselfde lesing blyk dit dat Groen ’n duidelike verbintenis tussen die sosiale kontrak en republikanisme identifiseer (1847:132–4). Ook in sy tweede uitgawe van *Ongeloof en revolutie* (in 1868) blyk hierdie spanning egter te bly voortbestaan. In die tweede lesing voeg hy ’n voetnota by dat hy nooit, soos sommige van sy voorgangers, uitsluitlik ten gunste van ’n monargie en gekant teen ’n grondwetlike regering was nie (1868:42). Nietemin laat hy steeds sy opmerking dat “de calvinistische leer heeft stellig nooit na republikanisme geleid” onveranderd (1868:141).

Invloedryke geskiedsfilosowe en biografiese teoretici soos Hans Renders en Binne de Haan merk op dat outobiografiese materiaal, alhoewel dit belangrike bronne is, nie vir biograwe deurslaggewend behoort te wees nie, maar ook onderwerp behoort te word aan kritiese ontleding (Renders en De Haan 2014:2). Biograwe behoort self die leiding te neem in hierdie ontleding en nie passief deur outobiografiese getuienis gelei te word nie (2014:8). In hierdie geval is die getuienis van die primêre outobiografiese bronne nie oortuigend in terme daarvan om ’n swaai in Groen se denke na 1848 te bewys nie. Sy politieke posisie na 1848 het ook ’n teoretiese grondslag in sy geskrifte voor 1848.

Ek stel dus in die lig van die primêre bronne én die historiese konteks ’n alternatiewe narratiewe perspektief voor waarvolgens Groen se teoretiese posisie ten opsigte van owerheidgesag verstaan behoort te word in die lig van sy politieke en retoriese agenda. Groen se narratiewe herposisionering kan afgelei word uit die werk wat hy ter ere van Stahl se bydrae tot antirevolusionêre politiek kort na die Duitser se dood geskryf het. In 1862, ses jaar voor hy die tweede uitgawe van *Ongeloof en revolutie* uitgegee het, distansieer Groen hom dan ook van die Halleriaanse beskouing ten gunste van dié van Stahl:

> Stahl [vermijdt] […] de dwaling waarin von Haller vervalt. Wel erkent hij [Stahl] dat niemand den oorspronkelijken patrimoniëlen aard der Europesche Rijken zoo scherpzinnig ingezien en zoo duidelijk opengelegd heeft; maar hij zoekt niet in dit privaatregtelijke het sedert lang vermolmde steunpunt voor hedendaagsche opbouw. Afkeerig van den revolutionairen Staat, afkeerig van het vroeger absolutisme der Vorsten, zoo als het schier over alle vrijheden en rechten gezegevierd had, wil hij de klippen niet ontgaan door ongerijmde nabootsing van middeleeuwsche toestanden, die èn voorbij, èn ook in onze tijd niet benijdenswaard zijn. Integendeel. Juist in het van lieverlede gewijzigd zijn van dien oorspronkelijken karaktertrek ligt, volgens Stahl, de vooruitgang van het Europesche Staatsregt; het veldwinnen, in leer en

> praktijk, de overtuiging, dat elke Staat de zaak van het Algemeen, *res publica*, is. Juist in dit openbaar en republikeinsche karakter van den Staat (aan de verderfelijke onzinnigheden eener algemeene Volkssouvereiniteit niet soortgelijk, en met een zelfstandig en krachtig koningschap zeer wel verenigbaar) ligt de voorwaarde, het levensbeginsel en de levenskracht eener nationaal-constitutionele Monarchie. (Groen van Prinsterer 1862:7–8)

Nietemin, hy voeg ook by:

> Ik weet dat er tusschen de Pruisische en Nederlandsche toestanden verschil is; misschien zou ik hem [Stahl] te anglomaan en parlementair [vindt] […] Maar, in hoofdbeginsel, in grondtrekken van staatkundige en godsdienstige beschouwing, zijn ook zij die men hier antirevolutionair noemt, met Stahl homogeen. Onder alle locale en nationale verscheidenheden geldt het algemeene waarheid en wereldhistorische rigting. Ook wij hebben gewild terzijdestelling van liberale theorieën, toepassing van Christelijke, historische, Nederlandsche beginsels. Ook wij hebben, na 1848, geen reactie of conservatisme, met versmoording van vrijheidszin en uitdooving van volksgeest, en met behendig wederinpalming van hetgeen verleend was, gewild; neen, veeleer inachtneming van den gegeven toestand; naleving, partieële herziening, ontwikkeling der Grondwet. (1862:19–20)

Hierdie tweede aanhaling openbaar die praktiese aard van Groen se herposisionering. In wese was sy omarming van Stahl se werk gewortel in die narratief-retoriese noodsaak van ’n herbevestiging van sy antirevolusionêre politieke posisie in terme van die realiteit van die radikale politieke veranderinge van 1848. Dit is in hierdie verband ook noemenswaardig om daarop te let dat hy sy retoriese appèl ook duidelik in die gees van sy herposisionering aangepas het. Waar hy reeds in die eerste uitgawe van *Ongeloof en revolutie* na Edmund Burke se bewering verwys waar hy meen dit is beter om republikeinse elemente in ’n monargie in te graveer as omgekeerd, voeg hy by hierdie ongewysigde verwysing die volgende voetnota in die tweede uitgawe: “De geheele geschiedenis van Nederland, in verband met de historie van het Stamhuis van Oranje, bewijst dat de Nederlandsche monarchie, in historischen oorsprong, met republikeinschen zin en geest doorvoed is” (1952:73).

Dus, terwyl hy sy appèl vir die legitimasie van sy politieke posisie op dieselfde historiese narratief behou, inkorporeer hy ’n verskeidenheid wysigings om dit meer toepaslik te maak vir die nuwe grondwetlike demokratiese konteks wat sedert die eerste uitgawe tot stand gekom het en waarin hy en sy gevolg hul nou bevind. Die tweede uitgawe van *Ongeloof en revolutie* word dus afgesluit met dieselfde retoriese appèl tot sosiopolitieke aksie met die doel om die samelewing te transformeer. Nogtans dien die veranderinge deur Groen aangebring wat betref die legitimiteit van staatsgesag die doel om die narratiewe opbou tot hierdie appèl te wysig ter wille van die effek op en tersaaklikheid vir sy gehoor.

Groen het dikwels beklemtoon dat die regeringsvorm self nie die kern van die saak is nie, maar eerder die gees daaragter. Wanneer hy teen die grondwet van 1848 skryf, beklemtoon hy ook dat sy kernbeswaar die argument vir die eksklusiewe legitimiteit van republikeinse en demokratiese regeringsvorme is, aangesien daardeur verlossing in hierdie vorme self gesoek word (1849:15). Groen se narratief, daarenteen, was altyd gekenmerk deur ’n klemverskuiwing weg van politieke vorme en prosesse af, na die epistemologiese beginsels agter elke gegewe politieke sisteem. Hierdie narratiewe fokus, waardeur Groen grondwetlike en politieke vorme

uit die kollig verwyder, het hom toegelaat om maklik sy narratiewe politieke posisionering aan te pas toe die nuwe demokratiese stelsel so 'n herposisionering genoodsaak het. Beide v oor en na 1848 was sy politieke geskrifte dus gekenmerk deur 'n narratiewe beskrywing van die geskiedenis en eietydse politieke realiteit op so 'n manier dat dit sy gehoor tot aksies in ooreenstemming met sy Christelike politieke beginsels sou aanspoor.

In hierdie opsig was die invloed van die Ierse kontrarevolusionêre voorganger van Groen, Edmund Burke, merkbaar. Die Nederlandse historikus Huib Klink (2012:277–9) wys daarop dat Burke 'n onmisbare impak op Groen as politieke denker gehad het. Groen (1868:409) verwys dan ook in sy tweede uitgawe van *Ongeloof en revolutie* nadruklik na Burke as gesag vir sy klem op die beginsels agter politieke stelsels as deurslaggewend vir die legitimiteit en aanvaarbaarheid, al dan nie, van sulke stelsels (sien Burke 1790:29–30). In aansluiting by Burke het Groen ook die tradisionalistiese of historiese beginsel, naamlik dat duursaamheid en volhoubaarheid as seël van ooreenkoms met die Godgegewe natuurorde dien, beklemtoon (Groen 1849:483; Burke 1790:72, 130). Vir Groen sou 'n verandering van die politieke vorm of stelsel, sonder 'n gepaardgaande verandering op epistemologiese vlak, sinloos en op sigself selfs revolusionêr wees. Die revolusionêre idees sou onder elke politieke vorm en stelsel uiteindelik deur die realiteit of wese van die geskape orde en die praktyk self, "als een noodlottige kiem van verwarring en ontbinding" ontbloot word (Groen 1849:483). Indien nodig, sou die toets van die tyd dus self die tekortkominge van die revolusionêre uitgangspunte bevestig. Aan die ander kant sou dieselfde toets uiteindelik ook die "enige ware praktijk" van die "onveranderlijkheid van waarheden", wat volgens die Christelik-historiese beskouing af te lei is uit beide die "ervaring en het eeuwig blijvende woord van de openbaring", dit is die geskiedenis en die Bybel, bevestig (1847:385–7). Hierdie godsdienstige tradisionalisme word dan ook uitgedruk by wyse van die noue verband tussen die verlede, hede en toekoms in Groen se narratief.

Die retoriese funksie van sy wysigings aan *Ongeloof en revolutie* verklaar ook gedeeltelik waarom hy die tweede uitgawe van sy *magnum opus* aan die einde van sy loopbaan die lig laat sien het. Nadat hy toenemend as openbare figuur in die 1850's en 1860's bekendheid verwerf het, besef hy aan die einde van sy loopbaan die noodsaak om sy invloedrykste werk so aan te pas dat dit na sy aftrede steeds as 'n belangrike politieke instrument vir die antirevolusionêre beweging, binne 'n nuwe konteks, kan bly voortbestaan. Die erkenning van hierdie narratiewe strategie van Groen van Prinsterer, wat deur bestaande literatuur misgekyk word, skep die ruimte vir 'n nuwe en interessante verstaan van Groen se politieke aksie, en met name sy verbasende keuse vir nie-inmenging in 1856.

4. Groen se baanbrekerswerk vir Christen-demokratiese politiek en sy rol in die konsolidasie van die Nederlandse grondwetlike demokrasie in 1856

Verskeie skrywers het in die verlede ten gunste van Groen se tersaaklikheid gedurende Nederland se oorgang na die grondwetlike demokrasie geargumenteer deur aan te voer dat die grondwet van 1848 'n sintese van die liberale denke van Thorbecke en die antirevolusionêre denke van Groen verteenwoordig (Eigeman 1935:xiii; Couwenberg 1977:74; Sap 2000:4–5). Hierdie argument is egter nie oortuigend nie, aangesien dit die by uitstek Thorbeckiaanse karakter van die grondwet asook Groen se daadwerklike teenkanting daarteen misken. Hierdie miskenning berus grotendeels op die verkeerde aanname dat Groen rondom 1848 'n ommeswaai van denke

ondergaan het. Groen kan daarom nie histories verdedig word as ’n tipe “vader” van die Nederlandse demokrasie nie. Nietemin, sy historiese keuse vir nie-inmenging in 1856 het van hom ’n belangrike rolspeler in die konsolidering van die Nederlandse demokrasie, wat gedurende hierdie tyd nog uiters kwesbaar was, gemaak.

Die historiese agtergrond tot Groen se keuse om in 1856 nie in te meng met die politieke bestel nie, moet gesien word in die konteks van die sogenaamde April-beweging van 1853. Die Thorbecke-kabinet wat gevorm is na aanleiding van die nuwe grondwet, het gedurende die vroeë 1850’s gepoog om neutraal te bly ten opsigte van godsdienstige aangeleenthede. Die kabinet het daarom nie beswaar gemaak teen die herinstelling van ’n Rooms-Katolieke biskop in Nederland, wat vir die eerste keer in byna drie eeue aan die pous gesag in die land verleen het, nie. Thorbecke het hierdie ontwikkeling as in ooreenstemming met die eis van godsdiensvryheid beskou (Drentje 2004:420). Groen het dit egter beskou as ’n gevaarlike ontwikkeling wat die Gereformeerde volksdeel en die heersende posisie van die Nederlandse Hervormde Kerk bedreig het (Van der Meulen 2013:267).

Alhoewel Thorbecke bewus was van die gevaar van teenkanting met hierdie skuif, het hy nogtans die anti-Rooms-Katolieke sentimente van Nederlandse Protestante onderskat (Drentje 2004:422). Daar was ook ’n tydperk van besluiteloosheid, toe dit onseker was of die Rooms-Katolieke Kerk of die Nederlandse regering die inisiatief in die proses moes neem. Toe die Pous egter die ys breek deur self die aankondiging van die nuwe biskop te maak en in sy proklamasie uitdruklik na Calvinisme as dwaalleer te verwys, het openbare weerstand uitgebreek (Van der Meulen 2013:270–1). Hierdie weerstand, wat bekend sou word as die April-beweging, het uiteindelik daartoe gelei dat koning Willem III Thorbecke se kabinet ontbind het (2013:262, 265). Die Koning se optrede was egter pragmaties in die sin dat hy nie noodwendig met die Protestantse sentimente akkoord gegaan het nie, maar dit bloot gebruik het as regverdiging om van ’n ongewilde kabinet, met wie hy reeds self ’n geruime tyd ’n gespanne verhouding gehad het, ontslae te raak (2013:274–7).

Die Koning se gespanne verhouding met die daaropvolgende kabinet sou egter voortduur. Teen 1856 het dit duidelik geword dat hy begeer het om van die kabinet wat Thorbecke s’n opgevolg het, naamlik dié van ministers Van Hall en Donker Curtius, ontslae te raak. Hiervoor het hy weer eens een van Groen se politieke aksies as regverdiging gebruik (Van der Meulen 2013:336). Groen het met name ’n petisie opgestel teen ’n nuwe beoogde skoolwet wat gesekulariseerde staatskole voorgestaan het. Die petisie het binne ’n kort tyd 10 000 handtekeninge gekry (2013:336). Die konserwatiewe minister van oorlog, Hendrik Forstner, het toe selfs aan die Koning voorgestel dat Groen ’n nuwe kabinet as eerste minister moet lei (De Vries 1908:119; Lens 1913:759).

Die Koning was op hierdie stadium egter so ontevrede met die nuwe politieke sisteem dat hy nie net die kabinet wou ontbind nie, maar ook daaraan gedink het om die hele sisteem omver te werp (Van der Meulen 2013:336–7).

Na aanleiding van Forstner se voorstel het die Koning die idee van Groen as minister of selfs as leier van ’n nuwe kabinet oorweeg. Sy sekretaris, De Kock, wat self hierdie sentimente gedeel het, het Groen gevolglik twee keer gedurende Mei 1856 besoek. Gedurende die besoeke het hulle nie net sy moontlike rol in ’n nuwe kabinet bespreek nie, maar ook die Koning se oorweging om die hele politieke sisteem te herskep (Groen van Prinsterer 1991:548). Hierdie oorweging moet gesien word in die lig van die Koning se reaksionêre sentimente, aangesien

Groen bekendheid verwerf het as die nuwe sisteem se mees beginselvaste teenstander (Boogman 1978:152; Van der Meulen 2013:340). Hierdie gesprekke het uitgeloop op ’n amptelike brief van die Koning op 19 Mei wat hy aan beide Groen en die voormalige minister van kolonies, J.C. Baud, gerig het (Van der Meulen 2013:337–8). In ’n poging om vennote vir sy reaksionêre agenda te vind, vra hy van beide figure hul standpunte aangaande die volgende:

- Is die morele ontwikkeling van die volk op dieselfde vlak as die volk se materiële voorspoed?
- Is die toenemende invloed van die parlement, vergun deur die 1848-grondwet, ’n positiewe verwikkeling of word dit misbruik?
- Het die nuwe verkiesingsisteem die gewenste uitwerking en is dit in ooreenstemming met die Nederlandse volksgees? Hoe sou mens te werk gaan om hierdie sisteem te wysig?
- Sedert 1848 het die begeerte van die volk om as mederegente op te tree ’n verlammende uitwerking op die regering gehad – hoe kon dit teengewerk word?
- Gegewe die spanning veroorsaak deur die voorgestelde skolewet, was ’n nuwe grondwetwysiging nie nodig nie?
- Moet die kabinet gedeeltelik of heeltemal afgedank word, en indien wel, wanneer?
- Moet die opkomende verkiesing toegelaat word om sy gang te gaan en sou dit ’n regering daarstel wat die nodige hervormings kan bewerkstellig? (Groen van Prinsterer 1856:229–30).[4]

Die bewoording van die vrae dui op sigself op die koning se gedeeltelike omarming van Groen se narratief. Die rede vir die keuse van Groen en Baud as geraadpleegdes was ook beduidend reaksionêr van aard. In hierdie figure het die Koning die mees waarskynlike vennote vir sy reaksionêre agenda gesien. Baud was gedurende die 1840’s ’n bekende verdediger van die selfstandigheid van die Koning en sy reg op betrokkenheid by politieke aangeleenthede. Hy was gekant teen hersienings van die grondwet wat die koning se mag ingeperk het (Hugenholtz 2008:9–10, 18, 22, 28). Groen was nie net bekend vir sy kritiek op die sisteem nie, maar die Koning was immers in die proses om die kabinet te ontbind op grond van die sukses van sy petisie (Boogman 1978:152). Hy het immers ook in die verlede reeds konkrete hervormings voorgestel, soos ’n grondwetlike erkenning van die rol van die Nederlandse Hervormde Kerk tesame met ’n bepaling dat die monarg ’n Protestant moet wees. Hy het ook Thorbecke se armoedewet van 1854 teengestaan omdat dit die openbare welsyn uit die hande van die kerk sou neem en aan die staat sou oorgee. Verder het hy hom ook beywer vir die daarstelling van ’n grondwetlike bepaling oor Sabbats- of Sondagsheiliging (Groen van Prinsterer 1840:71–3, 99–100; 1855:88).

Op 23 Mei skryf Groen sy antwoord – een wat deur die 20ste-eeuse regshistorikus Hendrik Mulder (1973:87) beskryf word as een van “de merkwaardigste documenten uit onze negentiende eeuwse parlementaire geschiedenis na 1848”. Soos verwag, stem hy saam met die Koning dat die morele stand van die volk in dié tyd kommerwekkend was. Hy meen egter dat die probleem nie te veel betrokkenheid van die volk by die politieke proses is nie, maar eerder hul apatie. Hy voeg egter dadelik by dat hy nooit ’n “voorstander van rechtstreeksche verkiezingen in Land, Provincie of Gemeente” was nie, en dan ook “niet in het algemeen, en vooral niet met het oog op onze landaard”. Hy argumenteer dat hy gekant was teen die nuwe politieke stelsel weens

hierdie stelsel se begronding in “verderfelijke begrippen omtrent Volkssouvereiniteit” (Groen van Prinsterer 1876:18–9).

Groen het dus met sy antwoord dieselfde narratiewe strategie voortgesit as die een wat sy geskrifte voor 1848 gekenmerk het. Hy was steeds krities oor die stelsel self, en hy het steeds die standpunt gehandhaaf dat vooruitgang nie in liberalisering of demokratisering gesoek behoort te word nie. Vir Groen was die kern van die probleem egter in die uitgangspunte geleë. Die beginsels onderliggend aan die raamwerk van interpretasie van die grondwet was die kern van die probleem. In Groen se narratief sou enige wysiging van die inhoud van die grondwet nie die probleem oplos mits die uitgangspunte verander nie. Die “revolusie” was by uitstek epistemologies van aard en moes op hierdie vlak beveg word. Hy maak dus sy teenkanting uitdruklik bekend, maar gee toe: “[M]aar dit stelsel is er nu eenmaal” (1876:19).

Hierdie reaksie, wat dui op beide ’n erkenning van en ’n berusting by die realiteit van die nuwe politieke bestel, was waarskynlik nie die reaksie waarop die Koning gehoop het nie. Baud het ook, nes Groen, die reaksionêre skimpe van die Koning verwerp (Boogman 1978:156–9; Van der Meulen 338–40).

Hierdie reaksies van Groen en Baud het alle 19de-eeuse reaksionêre aksies teen die grondwetlike demokrasie in Nederland ’n finale nekslag toegedien. Tog het die bestaande literatuur nie daarin geslaag om die volle impak van Groen se reaksie raak te sien nie, omdat dit gesien is in die lig van ’n verkeerde aanname aangaande die ontwikkeling van sy teorie oor staatsgesag. Nogtans het Groen dit ook in 1856 duidelik gemaak dat hy geen voorstander van demokrasie as sodanig was nie. Sy reaksie dui eerder op ’n strategiese narratiewe herposisionering van sy kant af. Groen se reaksie is kenmerkend van ’n narratiewe strategie wat hy deurlopend gebruik het om wat hy as sinlose argumente oor politieke stelsels en strukture gesien het te vermy en op die onderliggende beginsels en uitgangspunte te fokus. As gevolg van hierdie klem op beginsels het Groen die noodsaak gesien van ’n eie antirevolusionêre politieke party en self daardeur die grondslag van die Nederlandse politieke partysisteem gelê.

Ten spyte van sy narratiewe klem op beginsels het hy egter ook praktiese voorstelle gemaak in sy antwoord aan die Koning. Hy benadruk byvoorbeeld die noodsaak om die voorgestelde onderwyswet te onttrek, maar selfs hier was sy motivering nie onmiddellike strukturele doelwitte aangaande die onderwyssisteem nie. Hy beklemtoon eerder die belangrikheid daarvan om die voorgestelde wet te verwerp omdat dit ’n bedreiging inhou vir die behoud van die “Christelijk karakter der Natie” in die volgende geslag (Groen van Prinsterer 1876:21). Sy narratiewe klem op die wesenlikheid van die Christelike karakter van die Nederlandse volk as uitverkore volk om die ware godsdiens te beskerm en uit te bou, was deurslaggewend vir selfs sy mees praktiese voorstelle aan die Koning. Sy sentimente het dus die hoop op die herlewing van Christelike volksgees, wat hy as deurlopend teenwoordig onder die Nederlanders gesien het, weerspieël. Uit so ’n herlewing sou die nodige krag kom om die antirevolusionêre politieke doelwitte te bereik. Groen se berusting by die status quo is dus verkeerdelik geïnterpreteer as ’n meer liberale ontwikkeling wat sy denke betref.

Dit was Groen se vertroue in die krag en uiteindelike sukses van sy getuienis en standpunt wat hom toegelaat het om hom in sy historiese konteks te berus by die liberale grondwet as gegewe werklikheid. Daaruit moet egter nie afgelei word dat Groen die grondwetlike raamwerk as bloot ’n neutrale ruimte vir die ontmoeting van verskillende politieke standpunte beskou het nie.

Inteendeel, in 1862 sou hy skryf: “Men meent de staat te neutraliseren; men geeft de Staat aan gansch niet neutrale invloeden prijs. Als in den Staat het Christelijk beginsel niet meer den boventoon heeft, zal het anti-christelijk beginsel [...] tegen al wat aan eene Christelijke Natie nog heilig en dierbaar is, worden gekeerd” (1862:51).

Sy strategiese berusting by die status quo in 1856 moet egter gesien word in die lig van sy oortuiging dat die praktyk, indien nodig selfs deur middel van die demokratiese proses en binne ’n grondwetlike raamwerk wat hy nie in beginsel gesteun het nie, uiteindelik sou lei tot die grootskaalse verwerping van Verligtingsidees as onprakties en onwerkbaar. Sy hoop was immers op die oorwinning van die antirevolusionêre standpunt deur middel van die toets van die tyd self (1849:483). ’n Verandering aan die politieke strukture sonder ’n verandering van beginsels sou uiteindelik slegs op nog ’n revolusie uitloop (1876:22).

Groen het sekerlik nie voorsien dat die revolusionêre gees vir so lank ’n ongehinderde afdruk op daaropvolgende grondwethersienings, soos byvoorbeeld blyk uit die toevoeging van artikel 1 tot die Nederlandse grondwet van 1983, sou hê nie. Hierdie artikel sou selfs lei tot ’n ernstige debat aangaande die grondwetlikheid al dan nie van Christelike politieke deelname op basis van tradisioneel-Bybelse beginsels. Die artikel verbied byvoorbeeld diskriminasie op grond van godsdienstige oortuiging, en word daarom dikwels gesien as onversoenbaar met die politieke ideaal van ’n Christelike staat (Dölle 2005:100). Gegewe die feit dat die regstaat self hierdie historiese verskuiwing help bemiddel het, sou kritiese vrae aangaande die volhoubaarheid van Groen se politieke strategieë vanuit die Christelik-konserwatiewe oogpunt, waarvan hy self ’n verteenwoordiger was, nie ongepas wees nie. Aan die een kant sou die Europese revolusies van die laat 1840’s in 1856 sekerlik nog vars in Groen se geheue gewees het. Nogtans, veral in die lig van die feit dat Groen selfs in die jare na 1856 bewustelik die idee van ’n neutrale politieke ruimte as werklikheidsverwyderd afgeskiet het, moet dit terugskouend toegegee word dat Groen se vrees vir die gevolge van politieke omwentelings daartoe gelei het dat hy ’n gulde geleentheid vir die bevordering van sy Christelike politieke beginsels in die openbare sfeer laat verbyglip het.

In die lig van die historiese narratief van *Ongeloof en revolutie* is dit egter duidelik dat Groen daadwerklik die val van liberale politiek begeer het, en wou hê sy antirevolusionêre gevolg moet toegerus wees om deel te neem aan die proses van nasionale herkonfessionalisering, sou die regte tyd kom. Binne hierdie narratiewe raamwerk sou ’n grondwethersiening syns insiens egter weinig verskil maak wat sy politieke doelwitte betref. Sy narratiewe klemverskuiwing weg van die grondwet en politieke vorme af stel hom daartoe in staat om ’n besondere optimisme oor die toekoms aan sy gehoor oor te dra. Hy skryf ook onder andere aan die Koning in sy antwoord: “[E]lke nederlaag bij het verdedigen eener deugdelijke zaak, is eene voorbode der overwinning. De oppositie na de zege meermalen te hebben behaald [wordt] eindelijk door de overmacht der waarheid gewonnen” (1876:23). In sy narratief sou die godgegewe orde van die skepping self, indien nodig, uiteindelik lei tot die val en vernietiging van elke revolusionêre politieke stelsel wat nie in ooreenstemming met hierdie orde funksioneer nie. Groen se narratief was dus deurlopend daarop gemik om die aandag te vestig op die wysgerig-epistemiese vlak van die stryd, en dit was ook sy bedoeling met sy antwoord aan koning Willem III.

Hier, te midde van een van die grootste kabinetskrisisse in die Nederlandse geskiedenis, en op ’n deurslaggewende tydstip, gee die koning Groen die geleentheid en platform om noemenswaardige politieke hervormings daar te stel, maar Groen kies ’n weg van nie-inmenging. Gegewe

sy oortuigings en sterk opposisie teen die nuwe bestel, is dit sekerlik deur die Koning en waarskynlik ook deur baie van Groen se volgelinge as verrassend beskou.

'n Beskouing van hierdie episode in die lig van Groen se politieke deelname soos bekragtig deur sy Christelik-historiese narratief, in teenstelling met 'n beweerde ideologiese verandering wat hy rondom 1848 sou ondergaan, bring die ware historiese impak daarvan aan die lig. Skrywers wat hierdie aksie – verkeerdelik – beskou het in die lig van 'n ideologiese verandering, het hierdie episode bloot as 'n bewys van die Koning se onkunde aangaande Groen se veranderde politieke standpunt gesien. In die lig van Groen se narratiewe strategieë vir politieke deelname kom 'n duideliker beeld van die motiverings agter Groen se reaksie na vore. Groen se reaksie in 1856 kan dan in die lig van die volgende historiese realiteite eerder as 'n konsolidasie van die vroeë Nederlandse grondwetlike demokrasie gesien word:

1. Gedurende 'n tydperk toe die Koning steeds 'n baie invloedryke politieke figuur was en vasbeslote was om die politieke bestel wat deur die grondwet van 1848 ingelui is te hersien, het Groen se afwysing van hierdie reaksionêre plan gehelp om die Nederlandse demokrasie te konsolideer. Groen se reaksie het die gees van reaksionêre politiek in Nederland in 'n tydperk toe politieke revolusies hoegenaamd nie ongewoon in Europa was nie, die finale nekslag toegedien. Verder was die deurlopende spanning tussen die Koning en die kabinet 'n bewys van die kwesbaarheid van die nuwe bestel. Sy reaksie het wel die gevolg gehad dat hy aansien by die Koning verloor het, maar nogtans het hy by sy beginsels gestaan.
2. Tweedens het Groen se reaksie histories bygedra tot die opkoms van die Nederlandse partypolitieke stelsel. In 'n konteks waar sy tydgenote oortuig was dat politieke stabiliteit afhanklik was van die behoud van 'n "homogene" kabinet sonder partypolitiek (Oud 1996:46), het sy narratiewe bekragtiging van beginselgebaseerde politieke deelname van teenstrydige politieke uitgangspunte binne 'n demokratiese bestel die opkoms van politieke partye in Nederland moontlik gemaak.
3. Derdens het Groen 'n nuwe weg gebaan vir die konstruktiewe en vrugtevolle politieke deelname van konserwatiewe-Christelike politiek binne die raamwerk van 'n moderne grondwetlike demokrasie. Binne die konteks van die Réveil-beweging was daar onder baie 'n tipies Romantiese begeerte vir die terugkeer na 'n *status quo ante*, maar Groen het die leiding geneem om die beweging te lei na meer openheid vir aktiewe deelname in die nuwe bestel. Daardeur het hy die grondslag gelê vir Christen-demokratiese politieke deelname in Nederland, maar ook in die Westerse wêreld in sy geheel. Sy erfenis getuig ook daarvan. In 1879 is die eerste politieke party in Nederland se geskiedenis, die Antirevolusionêre Party, amptelik gestig. Dit was ook die eerste Christen-demokratiese party ter wêreld. Hierdie party sou later sy grootste sukses behaal toe sy leier en Groen se opvolger, Abraham Kuyper, verkies sou word tot eerste minister van Nederland in 1901 (Kuipers 2011:333).

5. Gevolgtrekking

Of 'n mens nou die ontwikkeling van die grondwetlike demokrasie in Europese state in die 19de eeu as 'n onafwendbare proses sien of nie, Groen se deurslaggewende historiese rol in hierdie proses in Nederland kan nie misgekyk word nie. Sonder om sy beginsels aan te pas, het

hy ’n noemenswaardiger rol in die politieke ontwikkelinge van sy dag gespeel as waarvoor hy in die bestaande literatuur erkenning kry. Hierdie bydrae verdien aandag buite die grense van die Nederlandse Gereformeerde kringe waartoe hierdie erkenning grotendeels tot nou beperk is. Die merk wat hy op die geskiedenis gelaat het, sou ’n groot impak op demokrasie nie alleen in Europa nie, maar ook in die wêreld, hê. Die Nederlandse demokrasie is op ’n belangrike tydstip in haar vroeë geskiedenis deur Groen se afwysing van die Koning se reaksionêre agenda gekonsolideer. Die partypolitieke stelsel wat die Nederlandse grondwetlike demokrasie kenmerk, was ook bemiddel deur Groen se historiese bydrae, en met name sy narratiewe klem op beginselgebaseerde politieke deelname. Sy nalatenskap as die vader van die Christen-demokratiese politiek is vandag nog in Nederland merkbaar. Daar is tans in die Nederlandse parlement nog verteenwoordigers van die Staatkundig Gereformeerde Partij wat, in die gees van, en volgens soortgelyke beginsels as dié van Groen, openlik ’n Christelike staat voorstaan.

Ook jonger demokratiese regstate soos Suid-Afrika kan baat by kennisname van hierdie historiese bydrae van Groen. Die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 verbied ook, soos die Nederlandse grondwet van 1983, diskriminasie op grond van godsdienstige oortuiging (Meyerson 2005:107). Die Suid-Afrikaanse politieke landskap word gedurende die afgelope aantal jare gekenmerk deur toenemende politieke spanning binne die parlement. In hierdie konteks, waar groter linksgesinde partye – wat self ’n aantal uiteenlopende ideologieë verteenwoordig – saam met kleiner, maar groeiende partye in die Christen-demokratiese tradisie soos die VF+ en ACDP aan dieselfde parlementêre prosesse moet deelneem (Nyenhuis en Krönke 2019:113), bestaan daar dan ook reeds debatte aangaande die grondwetlikheid al dan nie van Christelike politiek (Mutelo 2017:23; Henrico 2017:547–8). In hierdie opsig sou ’n herwaardering van Groen se historiese bydrae tot die ontwikkeling van die Westerse demokratiese tradisie moontlik ’n belangrike rol in die daarstelling van parlementêre stabiliteit kon speel.

Hierdie narratiewe studie het ook implikasies vir die historiografie van die 19de eeu asook die wyse waarop die politieke dinamika van die tydperk verstaan word. Deur verder as bloot die teoretiese inhoud van politieke posisies te kyk, laat ’n narratiewe ontleding van retoriese strategieë historici toe om die ooreenkomste tussen liberales en konserwatiewes gedurende die tyd raak te sien. Dit is treffend dat Groen, wat ideologies gesproke ’n randfiguur gedurende sy tyd was, baie dieselfde gedoen het as ’n “hoofstroom”-figuur soos Hegel in terme van sy narratiewe strategieë. Verder daag dit ook historici uit om gangbare standpunte aangaande sekularisering of dekonfessionalisering in 19de-eeuse Europa (en daarna) te herevalueer. Hierdie studie toon juis aan hoe Groen as antirevolusionêre staatsman ’n aktiewe rol gespeel het in die vorming en konsolidering van die Nederlandse demokrasie, wat dikwels bloot as ’n produk van die liberalisme van die Verligting beskou is.

Bibliografie

Baudet, T. en M. Visser (reds.). 2012. *Revolutionair verval en conservatieve vooruitgang in de achttiende en negentiende eeuw*. Amsterdam: Bert Bakker.

Berkelaar, W. 1997. Is christelijke geschiedbeoefening mogelijk? *Transparant*, 8(2):24–5.

Bijl, J.P. 2011. *Een Europese antirevolutionair: Het europabeeld van Groen van Prinsterer in tekst en context*. Amsterdam: Vrije Universiteit University Press.

Boogman, J.C. 1978. *Rondom 1848: De politieke ontwikkeling van Nederland 1840–1858*. Bussem: Unieboek.

Brants, J.P.L. 1951. *Groen's geestelijke groei – Onderzoek naar Groen van Prinsterer's theorieën tot 1834*. Amsterdam: Van Soest.

Burke, E. 1790. *Reflections on the revolution in France.* Londen: Dodsley.

Carr, D. 2014. *Experience and history: Phenomenological perspectives on the historical world.* New York: Oxford University Press.

Cornelis, M. 1996. *Vrome vrouwen: Betekenissen van geloof voor vrouwen in de geschiedenis*. Hilversum: Verloren.

Couwenberg, S.W. 1977. *Westers staatsregt als emancipatieproses – Ontwikkeling van de constitutionele emancipatiefunctie in de Democratische Rechtsstaat.* Alphen aan den Rijn: Samson.

De Bruijn, J. en G. Harinck (reds.). 2004. *Groen van Prinsterer in Europese context.* Hilversum: Verloren.

Diepenhorst, P.A. 1932. *Groen van Prinsterer.* Kampen: Kok.

Dölle, A.H.M. 2005. De SGP onder vuur. *Jaarboek Documentatiecentrum voor Nederlandse Politieke Partijen 2005*:99–122.

Dooyeweerd, H. 1959. *Vernieuwing en bezinning: Om het reformatorisch grondmotief.* Zutphen: J.B. van den Brink.

Drentje, J. 2004. *Thorbecke: Een filosoof in de politiek*. Amsterdam: Boom.

Eigeman, J.A. 1935. *Colijn, de verbinding tusschen Thorbecke en Groen – De historische nationale herstelgedachte*. Rotterdam: Nijgh & Van Ditmar.

Gäbler, U. 1990. Enkele kenmerken van het Europese en Amerikaanse Réveil. *Dokumentatieblad voor de Nederlandsche Kerkgeschiedenis na 1800*, 33:1–16.

Gerretson, C., A. Goslinga, H.J. Smit, J.L. van Essen en J. Zwaan (reds.). 1925. *Groen van Prinsterers schriftelijke nalatenschap: Briefwisseling 1808–1876*. Den Haag: Marthinus Nijhoff.

Groen van Prinsterer, G. 1830. *Nederlandsche gedachten*. Den Haag: G. Vervloet.

—. 1840. *Bijdrage tot herziening der Grondwet in Nederlandsche zin.* Leiden: S & J Luchtmans.

—. 1841. *Handboek der geschiedenis van het vaderland*. Leiden: S & J Luchtmans.

—. 1847 [hersien 2008]. *Ongeloof en revolutie*. Barneveld: Nederlands Dagblad.

—. 1849. *Grondwetherziening en eensgezindheid*. Amsterdam: Johannes Müller.

—. 1862. *Ter nagedachtenis van Stahl*. Amsterdam: Höveker.

—. 1868 [hersien 1952]. *Ongeloof en revolutie*. Franeker: Wever.

—. 1873. *Nederlandsche gedachten*, 2de reeks. V. Amsterdam: Höveker.

—. 1876. *Hoe de onderwijswet van 1857 tot stand kwam: Historische bijdrage.* Amsterdam: Höveker.

Harinck, G. 1994. Een gereformeerd historicus vandaag. In Harinck en Kuiper (reds.) 1994.

Harinck, G. en R. Kuiper (reds.). 1994. *Groen van Prinsterer en de geschiedenis – Historische opstellen*. Kampen: Van den Berg.

Henrico, R. 2017. Revisiting a culture of tolerance relating to religious unfair discrimination in South Africa. *Obiter*, 38(3):574–88.

Hugenholtz, W. 2008. *Het geheim van paleis Kneuterdijk: De wekelijkse gesprekken van koning Willem II met zijn minister J.C. Baud over het koloniale beleid en de herziening van de grondwet*. Amsterdam: KITLV.

Janse, M. 2012. "Vereeniging en verlangen om verenigd te werken" – Réveil and civil society. In Van Lieburg (red.) 2012.

Klink, H. 2012. Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876). In Baudet en Visser (reds.) 2012.

Krijger, T.E. 2015. Een veldheer met vele legers: De partijpolitieke erfenis van Guillaume Groen van Prinsterer. *Trajecta: religie, cultuur en samenleving in de Nederlanden*, 24:85–120.

Kruidenier, J. 1976. De controverse tussen Groen van Prinsterer en Van der Brugghen inzake de schoolkwestie (2). *De Reformatorische School,* 1 Februarie, ble. 11–6.

Kuiper, D. 2012. Kerngroepvorming, met name binnen het Amsterdamse Rèveil – over sociale lagen en familierelaties in de lange negentiende eeuw (1815–1914). In Van Lieburg (red.) 2012.

Kuiper, R. 2001. *"Tot een voorbeeld zult gij blijven" – Mr. G Groen van Prinsterer (1801–1876)*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Kuipers, T. 2011. *Abraham Kuiper: An annotated bibliography 1857–2010*. Leiden: Brill.

Lens, J. 1913. Groen van Prinsterer en de ministeriele crisis van 1856. *Ons Tijdschrift*, 2:757–75.

Meyerson, D. 2005. Religion and the South African Constitution. In Radan, Meyerson en Croucher (reds.) 2005.

Mutelo, I. 2017. The influence of Christian values in a post-apartheid South Africa: A philosophical perspective. MA-verhandeling, Universiteit van KwaZulu-Natal (Pietermaritzburg).

Mulder, H.W.J. 1973. *Groen van Prinsterer: Staatsman en profeet*. Franeker: 't Wever.

Nyenhuis, R. en M. Krönke. 2019. The 2019 South African Elections. *Of African Elections*, 18(2):112–33.

Oud, P.J. 1996. *Staatkundige vormgewing in Nederland: Deel I, 1840–1940.* Assen: Van Gorkum.

Radan, P., D. Meyerson en R.F. Croucher (reds.). 2005. *Law and religion: God, the state and common law*. New York: Routledge.

Renders, H. en B. De Haan. 2014. Introduction: The challenges of biography studies. In Renders en De Haan (reds.) 2014.

Renders, H. en B. De Haan (reds.). 2014. *Theoretical discussions of biography – Approaches from history, microhistory, and life writing*. Leiden: Brill.

Rousseau, J.-J. 1762 [hersien 1920]. *The social contract and discourses*. Vertaal deur G. Cole. Londen: Dent & Sons.

Sap, J.W. 2000. *The Netherlands constitution 1848–1998 – Historical reflections*. Utrecht: Lemma.

—. 2004. De angst voor revolutie bij de democratisering van de rechtsstaat: Groen van Prinsterer en De Toqueville. In De Bruijn en Harinck (reds.) 2004.

Swart, E. 2007. *De scheppende kracht van de natie – Het liberalisme volgens J.R. Thorbecke.* Amsterdam: Van Gennep.

Te Velde, H. en H.D. Willinck. 2006. *De grondwet van Nederland*. Amsterdam: Athenaeum, Polak & Van Gennep.

Van den Berg, J.T. 1998. Groen van Prinsterer en de Grondwet. In Van Dijk en Massinck (reds.) 1998.

Van der Meulen, D. 2013. *Koning Willem III 1817–1890*. Amsterdam: Boom.

Van Dijk, D.H. en H.F. Massinck (reds.). 1998. *Groen en de grondwet – de betekenis van Groen van Prinsterers visie op de Grondwet van 1848*. Heerenveen: J.J. Groen en Zoon.

Van Lieburg, F. (red.). 2012. *Opwekking van de natie: Het protestantse Rèveil in Nederland*. Hilversum: Verloren.

Van Vliet, W.G.F. 2008. *Groen van Prinsterers historische benadering van die politiek*. Hilversum: Verloren.

Van Zanten, J. 2013. *Koning Willem II 1792–1849.* Amsterdam: Boom.

Zwaan, J. 1973. *Groen van Prinsterer en de klassieke oudheid*. Amsterdam: Adolf M. Hakkert.

Zwaan, J. (red.). 1991. *Groen van Prinsterers schriftelijke nalatenschap: Bescheiden deel I en II 1821–1876*. Den Haag: Instituut voor Nederlandse Geschiedenis.

Eindnotas

[1] Dit is algemene praktyk binne die korpus literatuur oor Guillaume Groen van Prinsterer om bloot na hom as “Groen” te verwys.

[2] Koning Willem II was getroud met die Russiese hertogin Anna Pavlovna en hulle het vyf kinders saam gehad. Hy het egter ook verskeie buite-egtelike homoseksuele verhoudings gehad, wat hy geheim wou hou. Toe invloedryke liberale joernaliste en regslui van die geheime verhoudings uitvind, het hulle die Koning gedreig dat hulle dit bekend sou maak sou hy nie instem tot ’n nuwe liberale grondwethersiening nie (Van Zanten 2013:545–54).

[3] Volwaardige stemreg vir beide volwasse mans en vrouens sou eers in 1922 ’n werklikheid in Nederland word (Cornelis 1996:162).

[4] Hierdie brief van koning Willem II is opgeneem in Gerretson e.a. (1925).